Epol®
DIE PERFEKTE BALANS

# BRAAIKUIKEN



## KONTAK ONS

www.epol.co.za
info@epol.co.za

## VOLG ONS

# VOORBEREIDING

- Braaikuikenhokke moet ten volle voorberei wees voor die dag oue kuikens arriveer en beplan jou inentingsprogram vooraf.

**BELANGRIKE VOEDINGSRIGLYNE**


- Aanvangsvoer moet in krummelvorm wees en die res van die fases moet in pilvorm wees.
- Kuikens mag nooit sonder kos wees nie. Aanbevole innames in hierdie gids is slegs riglyne.
- Vanaf dag een moet voer reeds beskikbaar wees in die voerpanne en op papier.
- Indien water of voer direk onder die hittebron geplaas word, kan dit lei tot ’n afname in water en voer-inname.
- Gebruik bladsy 4 en kies die regte **Epol** braaikuikenvoerreeks wat aan jou behoeftes sal voldoen of praat met ’n **Epol** tegniese adviseur om jou daarmee te help.

**BEHUISINGSOMSTANDIGHEDE:** Dit is belangrik dat braaikuikenhuise skoon en ontsmet is voor die kuikens arriveer. Gebruik effektiewe ontsmettingsmiddels. Voordat enige kuikens in die hokke geplaas word, moet die beddegoed soos volg uitgesit word:

| VLOERBEDEKKING-TIPE | Hout-skaafsels | Droë saagsels | Gekerfde strooi | Sonneblom-doppe |
|---|---|---|---|---|
| MIN. DIKTE OF VOLUME | 2.5 cm | 2.5 cm | 1 kg/m$^2$ | 5 cm |

**NAGAAN VAN VOERTOERUSTING:** Maak seker daar is genoeg water- en voerbakke vir die hoeveelheid kuikens. Water- en voerbak riglyne:

| | TIPE | HOEVEELHEID |
|---|---|---|
| WATERBAK | “Bell” | 1 per 100 kuikens |
| | “Nipple” | 12 kuikens per “nipple” |
| VOERBAK | “Pan” | 45 kuikens per “pan” |
| | “Tube” | 70 kuikens per 40 cm “tube feeder” |




**NAGAAN VAN VERHITTINGSTOERUSTING**

- Maak seker dat die verhittingstoerusting op die regte hoogte gestel is en in ’n goeie, werkende toestand is.
- Temperatuurbestuur is ’n kritieke deel van die sukses van kuiken grootmaak. Teken daagliks die minimum en maksimum temperature binne die braaikuikenhuis aan.

- Begin twee dae voor die kuikens geplaas word met verhitting van die huise.
- Sit ’n dag voor die kuikens geplaas word die voer en water in die hokke uit. Dit moet kamertemperatuur wees wanneer die kuikens arriveer.
- Vloertemperatuur moet 32 °C wees tydens plasing.
- Hoktemperature moet baie goed gereguleer word vir veral die eerste 14 dae.

**EVALUEER JOU KUIKENS SE WELSTAND**

- Die eerste evaluasie moet 4 tot 6 ure ná plasing wees.
  - Jong kuikens moet eet, water drink en rondbeweeg in die hok – indien nie, ondersoek die toestande wat ’n afname in hierdie aktiwiteite kan veroorsaak, soos byvoorbeeld vloertemperature.
  - Kuikengedrag is die beste aanduiding van korrekte broeitemperatuur. Let veral op kuikens se verspreiding in die broei-area.





| | | | |
|---|---|---|---|
| Kuikens is eweredig verprei. Geraasvlakke dui op tevredenheid. | Kuikens sit op ’n bondel onder die verhittings-eenheid. Kuikens is raserig, benoude piepgeluide. | Kuikens maak geen geraas, hyg, koppe en vlerke wat hang. Kuikens beweeg weg van die hittebron. | Kyk of daar enige trekke is, oneweredige lig- verspreiding en of geraas van buite die hokke kom. |

- Die tweede evaluasie moet die dag ná plasing uitgevoer word.
  - Vroeë voer- en waterinname is krities vir aptytontwikkeling, en gevolglik toekomstige prestasie. Die kroppe moet dus nagegaan word om te bepaal of hulle voer en water ingeneem het.
  - Ten minste 95% van die kuikenkroppe moet rond voorkom, asook vol en sag voel as aanduiding dat hulle voer en water inneem.
  - Leë kroppe dui daarop dat die kuikens nie water en voer ingeneem het nie. Gaan dadelik die beskikbaarheid en kwaliteit (reuk en smaak) van die water na.
  - Vol, maar harde kroppe dui daarop dat die kuikens nie genoeg water ingeneem het nie, en waterbeskikbaarheid behoort onmiddellik nagegaan te word.




Krop lyk vol en rond; dit voel sag en elasties/sponsagtig.




Krop is leeg; of dit het ’n “geswelde of beddegoed”-tekstuur.




Krop is vol, maar hard met ’n voer- of “vol-krop”-tekstuur.

- 7 dae kuiken evaluasie
    - Die gewig van die kuikens moet meer as vier keer hul plasingsgewig wees.
    - Indien hierdie teiken nie behaal is nie, ondersoek die rede hiervoor. Gaan die hele groeiproses na tot op datum en kyk veral na die hok-temperature, voer- en waterinname, asook ander omgewingsfaktore.
    - Indien jy meer raad benodig, kontak jou **Epol** tegniese adviseur.

- Daaglikse kuiken evaluering
    - Betree die huis sag en stil, sodat jy die kuikens se gedrag ongehinderd kan waarneem. Gebruik jou sintuie deur te kyk, ruik, voel en te luister of die kuikens so gemaklik moontlik is. Sien die agterblad vir meer inligting.
    - Kontroleer die hoktemperature met behulp van die onderstaande tabel.
    - Kyk of daar koue areas en of trekke is.
    - Kyk of die ventilasie in orde is.
    - Kyk of die voer en waterbakke op die regte hoogte is en of daar genoeg bakke is vir die hoeveelheid kuikens.
    - Kyk of die beddegoed in orde is. Dit moenie te nat of te droog wees nie.
    - Verwyder alle dooie kuikens en teken dit aan op die hokkaart.

| **OUDERDOM (dae)** | **0/1** | **7** | **14** | **21** | **28** | **35** | **42** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **RELATIEWE HUMIDITEIT (%)** | 30 – 50 | 40 – 60 | 50 – 60 | 50 – 60 | 50 – 65 | 50 – 70 | 50 – 70 |
| **TEMPERATUUR (°C)** | 32 – 38 | 29 – 30 | 27 – 28 | 24 – 26 | 21 – 23 | 19 – 21 | 18 |

**BELIGTINGSPROGRAM:** Beligting is baie belangrik om ’n goeie prestasie uit jou kuikens te behaal.

| **OUDERDOM (in dae)** | 1 | 2 – 21* | 22 | 23 | 24 | Dae voor slag | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| **URE DONKER** | 1 | 9 | 8 | 7 | 6 | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| **URE LIG** | 23 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 |
| *Indien kuikens nie hul teikegewig bereik het nie, kan die lig ure per dag verhoog word. | | | | | | | | | | |



## BELANGRIKE MAATSTAWWE OM AAN TE TEKEN GEDURENDE DIE GROEISIKLUS

- Kuikengewigte tydens plasing, sowel as op dag 7, 14, 21, 28 en 35.
- Daaglikse vrektes en swak kwaliteit kuikens (“culls”).
- Voer gevreet per dag.
- Water gedrink per dag.
- Daaglikse minimum en maksimum temperature.
- Enige behandeling en of medikasie wat gegee was aan die kuikens.

## EPOL BRAAIKUIKEN VOERREEKS

**Epol** bied ’n verskeidenheid van braaikuiken voerreekse aan wat die behoefte van elke braaikuikenboer aanspreek. Die onderstaande tabel verskaf voerriglyne van verskeie voerreekse. Die voere is ook beskikbaar in sakke. Onthou: kuikens mag nooit sonder voer of water wees nie. Indien jou behoeftes verskil, kontak jou naaste meule en bespreek jou spesifieke behoeftes met die **Epol** tegniese adviseur.

| SUREGRO | | Ideaal vir die opkomende boer. Voer vir maksimale wins met lewendige hoenderverkope. | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| VOER-PROGRAM | FASE V# | PRE STARTER | STARTER (V30821) | GROWER (V30820) | FINISHER (V30819) | MAINTENANCE (V30818) |
| 2-FASE | VOER PER BRAAIKUIKEN | - | 800 g | 2.7 kg | - | Wanneer kuikens hul teikengewig bereik het, voer tot slagtyd. |
| | OUDERDOM IN DAE | - | 0 – 18 | 19 – 42 | - | |
| 3-FASE (Opsie 1) | VOER PER BRAAIKUIKEN | - | 800 g | 1.8 kg | 1 kg | |
| | OUDERDOM IN DAE | - | 0 – 18 | 19 – 35 | 36 – einde van siklus | |
| 3-FASE (Opsie 2) | VOER PER BRAAIKUIKEN | - | 600 g | - | 2.3 kg | |
| | OUDERDOM IN DAE | - | 0 – 15 | - | 16 – 32 | |
| 4-FASE | VOER PER BRAAIKUIKEN | - | 600 g | 1 kg | 1.3 kg | |
| | OUDERDOM IN DAE | - | 0 – 15 | 16 – 24 | 25 – 32 | |

| ECONOGRO | | Ideaal vir die kleiner kommersiële boer wat braaikuikenproduksie wil optimaliseer. | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| VOER-PROGRAM | FASE V# | PRE STARTER | STARTER (V30822) | GROWER (V30826) | FINISHER (V30828) | POST FINISHER (V30831) |
| 2-FASE | VOER PER BRAAIKUIKEN | - | 800 g | 2.7 kg | - | Wanneer kuikens hul teikengewig bereik het, voer tot slagtyd. |
| | OUDERDOM IN DAE | - | 0 – 18 | 19 – 42 | - | |
| 3-FASE (Opsie 1) | VOER PER BRAAIKUIKEN | - | 800 g | 1.8 kg | 1 kg | |
| | OUDERDOM IN DAE | - | 0 – 18 | 19 – 35 | 36 – slag | |
| 3-FASE (Opsie 2) | VOER PER BRAAIKUIKEN | - | 600 g | - | 2.3 kg | |
| | OUDERDOM IN DAE | - | 0 – 15 | - | 16 – 32 | |
| 4-FASE | VOER PER BRAAIKUIKEN | - | 600 g | 1 kg | 1.3 kg | |
| | OUDERDOM IN DAE | - | 0 – 15 | 16 – 24 | 25 – 32 | |

Alle produkte is geregistreer ingevolge Wet Nr. 36 van 1947.

# OPTIGRO

**Geformuleer vir optimale prestasie.**

| VOER-PROGRAM | FASE V# | PRE STARTER (V30832) | STARTER (V30823) | GROWER (V30825) | FINISHER (V30827) | POST FINISHER (V30830) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 3-FASE | VOER PER BRAAIKUIKEN | - | 600 g | - | 2.3 kg | Min. of 600 g |
| | OUDERDOM IN DAE | - | 0 – 15 | - | 16 – 32 | 33 – slag |
| 4-FASE | VOER PER BRAAIKUIKEN | - | 600 g | 1 kg | 1.3 kg | Min. of 600 g |
| | OUDERDOM IN DAE | - | 0 – 15 | 16 – 24 | 25 – 32 | 33 – slag |
| 5-FASE | VOER PER BRAAIKUIKEN | 200 g | 400 g | 1 kg | 1.3 kg | Min. of 600 g |
| | OUDERDOM IN DAE | 0 – 9 | 10 – 15 | 16 – 24 | 25 – 32 | 33 – slag |

Alle produkte is geregistreer ingevolge Wet Nr. 36 van 1947.

# WAARNA OM OP TE LET WANNEER ’N BRAAIKUIKENHUIS BETREE WORD

Neem die kuikengedrag, insluitend verspreiding in die huis, aantal kuikens wat vreet, drink en rus, waar. Lyk die kuikens gesond? Hoe is hulle gedrag? Let op na hulle postuur, oë en loopgange. Meet ook, en neem kennis van die omgewing, insluitend faktore soos stof in die lug en miskwaliteit.

Hanteer die kuikens, en evalueer hulle kroppe om te bepaal of dit vol is. Ondersoek ook hulle algemene toestand. Bepaal of die ventilasie korrek is. Is daar ’n luggie wat trek? Hoe voel die huistemperatuur?

Neem waar en toets die water- en voerkwaliteit.

Luister na die kuikengeluide, asemhaling en respiratoriese klanke. Luister na die meganiese klanke van waaierlaaiers en voedingswurms.

Neem kennis van die omgewingsreuke. Is die lug muf of bedompig?



# KONTAKBESONDERHEDE

**MEULE:**

| | |
|---|---|
| Berlin | (043) 685 2111 |
| Pietermaritzburg | (033) 387 2460 |
| Pretoria-Wes | (012) 386 0469 |
| Rustenburg | (087) 365 0581 |
| Vaalwater | (087) 820 4580 |
| Worcester | (087) 365 6360 |

Kliëntediens: 086 177 7177
WhatsApp: 087 359 0476

**VEEVOERDEPOT:**

| | |
|---|---|
| Estcourt | (036) 352 3141 |
| Pietermaritzburg | (033) 397 1227 |

Epol®
DIE PERFEKTE BALANS

uppe marketing A38042/Rev

#OnsIsRainbow